# Skoolbiblioteek is amptelik geopen

CARMEN JACOBS

Die Laerskool Dr. G.J. Joubert se skoolbiblioteek is uiteindelik te midde van groot opwinding op Donderdag Februarie 24, amptelik by die skool geopen.

Die openingseremonie het om 3.30nm by die skool in Mydrechtstraat, Strand, geskied en is deur verskeie rolspelers, borge, skoolpersoneel, amptenare van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD), Metro-Oos-onderwysdistrikskantoor verteenwoordigers, Strong Schools ZA en ander belanghebbendes bygewoon.

Die openingsprogram, onder leiding van programdirekteur en opvoeder, Garrith Hendriks, was na ware 'n geskiedkundige geleentheid waar daar 'n tasbare gevoel van dankbaarheid geheers het.

Die projek om 'n skoolbiblioteek op die skoolperseel aan te bring, was 'n maandelange projek wat die totale transformasie van 'n ou klaskamer in 'n volwaardige biblioteek vereis het.

Die uiterse suksesvolle eindresultaat van dié projek is verlede week onthul en besoekers kon die prettige, helderkleurige, goed-ingerigte biblioteek, gevul met rye van belowende leesgenot en kennis, van naby beskou.

Voormalige skoolhoof, Martin Leukes, wat 39 jaar in diens by die skool was, het gaste tydens die openingseremonie toegespreek. "Ek groet u hartlik by die opening van Dr. G.J. Joubert Laerskool se skoolbiblioteek. 'n Wonderlike en historiese geleent-heid.

"'n Biblioteek is so 'n essentiele sentrum vir die opvoeding van ons kinders, want die belangrikheid van opvoeding kan nie genoeg beklemtoon word nie en veral die groot bydrae wat biblioteke tot die opvoeding bring is van kardinale belang."

"Deur opvoeding word beter mense, beter gemeenskappe en 'n beter land geskep," het mnr. Leukes gesê. Hy het sy hoop uitgespreek dat die biblioteek 'n kultuur en liefde vir lees by leerlinge sal ontwikkel.

Annette Botha, 'n verteenwoordiger van Strong Schools ZA, het nou as vennoot saam gewerk met opvoeder en projekbestuurder, Tauhira West Fanie, en die droom van 'n skoolbiblioteek op die perseel het uiteindelik gerealiseer.

Me. Fanie het haar opregte dank aan al die rolspelers en vrygewige borge uitgespreek wat hierdie mylpaal in die skool se geskiedenis moontlik gemaak het.

Die projek is na nege maande voltooi.

Vernon Koen, van die Metro-Oos-onderwysdistrikskantoor, het erkenning aan die pogings van die skoolbestuur asook ouers en ander rolspelers gegee. "Die visie van die WKOD is gehalte onderrig vir elke kind in elke skool," het hy bygevoeg.

Een van die vele plaaslike rolspelers wie se insette saam met Vriende van die Biblioteek Gordonsbaai, vir die skool van onskatbare waarde en groot hulp was, is die Gordonsbaai Lionsklub.

"Ek glo dat een van die grootste geskenke wat mens aan 'n skool kan gee, 'n biblioteek is. Dit is 'n blywende geskenk wat groot vreugde aan vele kinders sal bring, nie net vir vandag, maar vir vele jaar nog te kom.

"Die Gordonsbaai Lionsklub is vanaf die eerste vergadering by hierdie projek betrokke en dit was 'n ongelooflike ervaring om te sien hoe die klaskamer getransformeer word in 'n pragtige biblioteek," het Paula Lang, diensvoorsitter en lid van die Gordonsbaai Lionsklub, namens die groep gesê.

Waarnemende skoolhoof, Keith Meyer en me. Fanie het ook as simbole van dankbetuiging aan van die rolspelers en borge, sertifikate oorhandig.

Mnr. Meyer het ook sy dank uitgespreek teenoor almal wat bygedra het tot die suksesvolle skepping van die biblioteek.

Ander borge teenwoordig, het ingesluit: Biblionef, Jacobs Transport, Capitec Bank, Vriende van Gordonsbaai Biblioteek, Mancosa, Mergon Foundation, Vriende van Afrikaans asook die WKOD.




■ **Annette Botha, links, 'n verteenwoordiger van Strong Schools ZA; en Tauhira West Fanie, opvoeder van Die Laerskool Dr. G.J. Joubert, het as projekleiers hard gewerk om die skool se droom vir 'n biblioteek 'n werklikheid te maak.**



FOTO'S: CARMEN JACOBS

■ **Rolspelers by die opening teenwoordig van links, is Aidan Ewers, distriksgoewerneur van Die Lionsklub Distrik 410W; Paula Lang, diensvoorsitter van Lionsklub Gordonsbaai; Grant Jonatha, president van Gordonsbaai Lionsklub en Martin Leukes, voormalige skoolhoof van Die Laerskool Dr. G.J. Joubert.**

SAY YES

TO INTRODUCING SOMEONE
TO NEW STRATEGIES

SPEND ONE HOUR A WEEK MAKING A DIFFERENCE IN A YOUNG PERSON'S LIFE.

Sign up for our training courses and unlock valuable skills that will help you give a young person a step up in life.

Email: **volunteer@sayesmentoring.org**
or visit www.sayesmentoring.org

SAYes MENTORING

WINTER READINESS ASSISTANCE TO ORGANISATIONS

The City of Cape Town recognises the plight of people living on the street. In its efforts to reduce the number of people living on the street, the City supports non-profit organisations (NPOs) and public benefit organisations (PBOs) by supplementing their existing resources.

Through its Winter Readiness Programme, the City supports organisations to increase their bed capacity, particularly during the harsh winter months. The programme will be implemented between 15 April and 30 October 2022 and will consist of the provision of mattresses, bedding, hygiene packs and dry food ingredients. Our partner organisations will not be expected to create any permanent accommodation.

The City will make Expanded Public Works Programme (EPWP) workers available to qualifying NPOs and PBOs to assist with general and administrative tasks to support the organisations' capacity to accommodate additional clients.

Application forms are available at www.capetown.gov.za/readyforwinter. Please submit completed application forms to Carla.Ederies@capetown.gov.za by 16:00 on Tuesday, 22 March 2022.

LUNGELO MBANDAZAYO
CITY MANAGER
CTA16/2022

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Making progress possible. Together.



■ **The Hottentots Holland Garden Club will meet on Wednesday March 9, at 10am, at the Hottentots Holland Dutch Reformed Church, off Gordon Road, Somerset West. Leon Kluge, pictured, will be talking about "Fabulous Fynbos". This will also be the annual meeting of the garden club. Book your attendance with the secretary at fourie.christie@gmail**